# WEEK 6 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

## BEDIENINGSBEGELEIDING:

**Wêreldbekende kenner in prediking (Thomas Long) besoek Bloemfontein:** Hiermee rig dié Bediening 'n uitnodiging aan alle leraars en belangstellendes om die geleentheid by te woon. Rev Thomas sal op **Donderdag 15 Maart 2018**, by die NG Gemeente Pellissier, Bloemfontein, praat oor sy boeke, *The Witness of Preaching* (oggend- en middagsessie) en *Beyond the Worship Wars - Building Vital and Faithful Worship* (aandsessie). *The Witness of Preaching* (1989, 2005 en 2016), is onlangs deur die *Preaching Magazine* as een van die mees invloedryke handboeke in prediking die afgelope 25 jaar, aangewys! Indien julle sou belangstel om die besondere geleentheid by te woon, klik asseblief op die volgende skakels vir die betrokke dokumente, **uitnodiging/inligting** - **program** - **inskrywingsvorm**. Ons besef terdeë dat dit regtig baie duur raak om in gastehuise, ensovoorts oor te bly en daarom word gratis oorslaapplek op versoek, by die gemeentelede van Pellissier gereël, let asseblief daarop!

## BEDIENING: BARMHARTIGHEIDSDIENSTE (ENGO)

Onthou asseblief van die **LiG Lesersdag op 17 Maart 2018**, indien jy nog nie jou kaartjie gekry het nie, kontak hulle vandag nog by 021 949 7419/083 293 2848, of by karin@dalajunction.co.za, om jou plek te bespreek vir dié inspirerende oggend. Die bekende sanger André Venter, voorheen van die groep Romanz, gaan ook optree.

## GEMEENTE NUUS:

### Sheri Brynard kuier by NG Steynsrus:

## ANDER GEBEURE:

### Jesus - Die Passiespel

Die ATKV-tak se Gemeenskapsteater, wat die vervaardiging van die uiters suksesvolle produksies, *Pilatus - 'n kruis in die pad* (2016) en *Judas Iskariot - wat is die prys van bloedgeld?* (2017), behartig het en ook tydens die 2017 Algemene Jaarvergadering van die ATKV die WOW-projek vir Pilatus ontvang het (dus die beste nasionale projek van 2016), kondig met trots hul volgende projek aan: ***Jesus - Die Passiespel…*** Dit is gemeenskapsteater op sy heel beste en word in samewerking met PACOFS, ATKV, *Free State Youth Orchestra* (olv Alexander Fokkens), *Volksblad*, *Bloemnuus*, *Radio Rosestad* en *Copy King* gedoen. Kaartjiepryse is ook so laag as moontlik gehou om dit bekostigbaar vir almal te probeer maak (R80 en R95).

***Dit is vars. Dit is uniek. Dit is groot…***
***en dit is in Afrikaans!***
***Wat is die grootste daad van liefde?***
***Kom vind uit… Jesus - Die Passiespel.***